**Geroep om te ly in Christus!**
**(1 Petrus 2:21)**

**Paastyd het ons daaraan herinner dat Jesus lewe en dat Hy die dood verslaan het.**
**Hy is die Goeie Herder wat sy skape ken, lei, beskerm en selfs sy lewe aflê sodat hulle in oorvloed kan lewe.**
**Die ware evangelie beteken nie altyd gemak en voorspoed nie; dit roep ons tot navolging en soms lyding ter wille van God, Christus, die kerk en ons naaste.**
**Gelowiges word geroep om onderdanig te wees, selfs teenoor onregverdige mense, en om goed te doen sonder om te sondig of verbitterd te raak.**
**Jesus is ons voorbeeld in lyding; Hy het alles aan God oorgegee en gely sodat ons vir geregtigheid kan leef.**
**Ons navolging toon ons vertroue in**
**God en bring geestelike groei.**